

Maandag

Ps. 147; Mat. 5: 17 – 20. Dankdag vir reën. Teks Ps. 147: 1 “Dit is goed om tot lof van ons God te sing, dit is ’n genot om die loflied te sing wat Hom toekom.” Tema: “Ons leef in God se sorg. Goddeloses bepaal nie ons lot nie.” In Ps. 147 openbaar God dat ons in sy sorg leef en dat goddeloses nie ons lot met húl mag en geweld bepaal nie. Die Babiloniërs het geglo ’n mens sien jou lot in die sterre - dit wat die volgende dag, week of jaar met jou gaan gebeur. Wat die sterre wys wat met jou gaan gebeur, kán jy nie keer nie. Jy moet dit aanvaar en jou lewe daarvolgens inrig! Dit is jou lot! Hulle kon in die lot glo omdat sterre nie net sterre was nie maar gode wat jou lot bepaal. Dit is wat hulle predikante vir hulle in daardie tyd geleer het. Die priesters sê vir jou wat is jou lot volgens die sterre! Hulle was dus kulkunstenaars! Dit is mense wat jou fop. Hulle wys vir jou waar om te kyk, net om jou aandag af te trek sodat hulle iets anders doen wat jou oortuig hulle doen wonderwerke! Terwyl hierdie priesters jou aandag met sterre aftrek, doen hulle iets heeltemal anders wat jou oortuig jy sien jou lot! Die Psalmskrywer wys dit in vers 10: “Die Here het niks aan die krag van ’n perd of die liggaamskrag van ’n soldaat nie.” Hulle perde is vandag se tenks en hulle soldate se spierkrag is vandag se gewere en wapens. Dit is hoe dit regtig werk! Wanneer jy dan na hierdie reuse weermag kyk met al die tenks en duisende soldate met al hul gevaarlike wapens, dan glo jy sommer maklik die sterre sê ook so. Alles wat die predikante vir jou in die sterre wys, glo jy as jy sien hulle praat namens die mag en krag van hierdie geweldenare! Geestelike kulkuns! Die predikante wys jou, jou lot in die sterre, maar die mag en geweld van die magtiges namens wie hulle praat laat jou, jou lot aanvaar. Jy onderwerp jou aan wat gewelddenaars met hulle mag aan jou gaan doen, wat hulle jou kamstig in die sterre laat sien. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Ps. 147; Mat. 5: 17 – 20. Dankdag vir reën. Teks Ps. 147: 1 “Dit is goed om tot lof van ons God te sing, dit is ’n genot om die loflied te sing wat Hom toekom.” Tema: “Ons leef in God se sorg. Goddeloses bepaal nie ons lot nie.” Teenoor hierdie sterregode wat jou lot bepaal stel Ps. 147 se skrywer sy geloofsbelydenis in God: “Hy besluit oor die getal van die sterre en gee elkeen ’n naam. Die Here is groot en magtig, sy kennis is onbegrens.” (vers 4) Hiermee bely hy wat in twee ander Psalms ook oor God bely word. In Psalm 104: 19 word openbaar: “God het die son en maan gemaak sodat mense werkstyd en slaaptyd, dit is lewensritme het, en God het die son, maan en sterre as ligte vir mense gemaak.” (Ps. 136: 9) Die son, maan en sterre is die handewerk van Gód, nie gode nie. Wie was reg en wie was verkeerd gewees? Die Babiloniërs met al hul geleerdes, wetenskaplikes, generaals en magtige leiers, of die gelowige van Ps. 147? Die Babiloniërs het almal die nonsens “gesien” dat sterre gode is wat jou lot bepaal, in die mag van magtiges! Hoe kon hierdie gelowige die skepping só anders sien? Die Nuwe Direkte Afrikaanse Vertaling stel dit só in vers 11: “Die Here vind vreugde in hulle wat vir Hom ontsag het, wat hulle hoop vestig op sy troue liefde.” Vers 10 stel dat die Here nie vreugde vind in die krag van tenks en soldate nie! “Troue liefde” is die Hebreeuse woord wat wys hoe God ons God is. Hy

is ons God volgens sy verbondsbelofte soos ons dit in Eseg. 3: 24 – en Jer. 31: 31 – kry. In hierdie troue liefde sorg God dat Hy altyd alles vir ons is en doen wat God vir sy kinders doen, en nog meer, Hy sorg dat ons altyd sy kinders is wat sy liefde ken en in sy liefde leef. Ons leef met die vaste vertroue in die troue liefde van God en sy verbond met ons. Daarom stel ons, ons hoop in wat God met ons gaan doen, wat Hy oor ons besluit en hoe Hy vir ons gaan sorg, en nie in sterre nie. God het alles gemaak en alles wat Hy gemaak het sal Hy gebruik om vir ons goed te wees in sy troue liefde! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Ps. 147; Mat. 5: 17 – 20. Dankdag vir reën. Teks Ps. 147: 1 “Dit is goed om tot lof van ons God te sing, dit is ’n genot om die loflied te sing wat Hom toekom.” Tema: ‘Ons leef in God se sorg. Goddeloses bepaal nie ons lot nie.’ Omdat ons, ons vertroue en hoop op God se troue liefde stel, sien ons alles wat Hy gemaak het as sý skepping waarmee Hy vir ons sorg. Ons sien nêrens gode en magtige mense wat ons lot gaan bepaal nie! Daarom is sterre sommer nét sterre! Wind sommer nét wind! Reën sommer net reën! Sneeu sommer nét sneeu! Ryp sommer nét ryp! Alles is God se skepping waarmee Hy vir ons sorg. Niks is gode, kragte en magte wat ons lot bepaal nie. Ons leef in die vreugde van God! Dit beteken ons leef met God wie bly is om ons God te wees en vir wie dit ’n vreugde is om ons binne sy sorg en liefde te laat leef! Dit is vir God lekker om vir ons God te wees en vir ons te sorg. Die wyse waarop God vir ons sorg binne sy troue liefde beskryf die Psalmskrywer so:

1. Hy maak die sluitbalke van jou poorte sterk! Hy maak jou ’n mens en gemeenskap wat kwaadwillige en slegte mense uit jou lewe kan uitsluit en uithou
2. Volgens die direkte Afrikaanse Vertaling stel God jou grense veilig (vers 14), dit is, God gee aan jou en die gemeenskap vaste en sekere grense waarbinne gesag uitgeoefen kan word.
3. God seën ons altyd. (vers 13) Binne sy skepping beteken dit alle goeie dinge gee Hy en bewerk Hy vir ons en alle kwaad wat oor ons kom, gebruik die Here om vir ons goed te wees.
4. God gee vir ons kos. (vers 14) Dit is hoe God vir ons sorg, met ’n lewe waar ons slegte mense uit ons lewe kan uitsluit, binne sterk grense ons gesag kan uitoefen terwyl Hy vir ons goed is – ons kan werk en die vruggebruik van ons werk geniet! Hy gee só vir ons kos!

So leef ons in die vreugde van God! God vir wie dit goed en lekker is om so vir ons God te wees. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Donderdag

Ps. 147; Mat. 5: 17 – 20. Dankdag vir reën. Teks Ps. 147: 1 “Dit is goed om tot lof van ons God te sing, dit is ’n genot om die loflied te sing wat Hom toekom.” Tema: “Ons leef in God se sorg. Goddeloses bepaal nie ons lot nie.” God sorg vir ons deur alles wat Hy gemaak het en dadelik op sy bevel reageer! Die Psalmskrywer wys iets baie besonders oor hoe God deur alles wat Hy gemaak en op sy bevel reageer sodat Hy ons in sy troue liefde versorg. Hy wys dit deur twee uiterstes teenoor

mekaar te stel: onuithoudbare KOUER en ondraaglike HITTE! Met hierdie kontras wys hy weer die verskil tussen hoe mense hul lot in afgode sien en hoe gelowiges GóD se sorg in alles in die skepping sien. God stuur 'n bevel as Skepper en dadelik is daar sneeu, ryp en hael! In elke afgodsdienst is sneeu, ryp en hael skrikwekkende vernietigende magte en die woedende optrede van hul afgode teen hulle. Maar 'n gelowige sien sneeu as wol, iets wat God maak wat sag en knus is, nie die vernietigende woede van God nie; ryp as iets waarmee God alles met natuurskoonheid versier en hael sien hy as broodkrummels wat God uitgooi. Dus, iets goeds vir sy skepping, volgens die Direkte Afrikaanse Vertaling. Dán ook gee God bevel vir die warm woestynwind om te waai, en dit bring nie dood en ellende nie. Daarmee laat God al die sneeu, ys en hael vloeiende water word en vir alle diere, voëls en mense, en so sorg Hy vir die groeikrag van die veld - net soos Hy doen met wolke en reën (vers 8). GODDELOSES is bly oor reën, maar sien snerpende koue en gloeiende hitte as straf, vyandskap en woede van afgode! Maar GELOWIGES sien in alles wat goddeloses as vernietigende aardkragte sien, dieselfde sorg en liefde wat hulle in God se reën sien. Hoe so? Want hulle weet dat hulle in die troue liefde van God leef. Daarom sien hulle nie hul lot in vernietigende aardkragte en magte nie, maar in elke deel en toestand van die skepping God se troue liefde. Niks bepaal ons lot nie en ons rig ons lewe nie in volgens ons lot nie. Alles is iets waarmee God ons in sy troue liefde versorg en vir ons goed sal wees. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag

Ps. 147; Mat. 5: 17 – 20. Dankdag vir reën. Teks Ps. 147: 1 “Dit is goed om tot lof van ons God te sing, dit is 'n genot om die loflied te sing wat Hom toekom.” Tema: “Ons leef in God se sorg. Goddeloses bepaal nie ons lot nie.” Hoe leef ons in hierdie troue liefde van God? Ons leef in en met die wysheid van sy wet in en vir ons lewe, ons rig ons lewe nie in volgens ons kamstige lot nie! Dit word só gestel: “Hy maak sy woord aan Jakob bekend, sy voorskrifte en bepalings aan Israel. Dit het Hy vir geeneen van die ander nasies gedoen nie; hulle ken sy bepalings nie.” (verse 19 en 20) God se wet is vir GELOWIGES hul voorskrifte en bepalings. Dit is in Hebreeus “insette” en “verordeninge”. Insette skep instellings in 'n gemeenskap en verordeninge gee orde in 'n gemeenskap. Binne God se troue liefde is sy wet nie voorwaardes, dreigemente inperkings en strafmaatreëls soos goddeloses sy wet altyd sien nie. Christus kondig in Mat. 5 aan dat sy lyding hiérdie betekenis aan God se wet vir GELOWIGES gee: God seën ons altyd in sy troue liefde sonder voorwaardes en is hy verheug om ons God te wees - al sukkel ons met gehoorsaamheid. God laat GODDELOSES dit nooit raaksien nie. Hulle sien geen sorgsame leiding in sy wet nie, maar net hul lot in die sterre en die mag en geweld van mense. Hulle aanvaar hul lot deur hul poorte oop te gooi vir slegte mense, hul grense vir hul gesag op te gee, deur die geweld van magtiges as God (eintlik hulle afgode!) se vervloeking te glo en die armoede wat magtiges oor hulle bring te aanvaar asof God nie in hulle 'n vreugde het nie. Dit is die mag waaraan Israel hulle in hulle opstand teen God toe oorgegee het in alles wat hulle in die sterre gesien het

– en toe is hulle met hierdie "geloof" in die sterre deur goddeloses verstrooi, verdruk, gebreek en gewond. Toe het hulle dit ook maar as hul lot aanvaar omdat hulle nie in God se troue liefde geglo het nie! Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Saterdag ekstra

Ps. 147; Mat. 5: 17 – 20. Dankdag vir reën. Teks Ps. 147: 1 “Dit is goed om tot lof van ons God te sing, dit is ’n genot om die loflied te sing wat Hom toekom.” Tema: “Ons leef in God se sorg. Goddeloses bepaal nie ons lot nie.” Reën is nie maar net “die natuur” wat ons lot verlig nie. Dit is hoe God ons in sy troue liefde versorg. Sommige moderne wetenskaplikes en teoloë is nog steeds besig met die kulkuns van sterrekyk! Wanneer hulle na die skepping kyk, sien hulle in die sterre, wind en reën net sogenaamde “natuurkragte” wat met ’n eie selfaangedrewe “wetmatigheid” werk en jou lot bepaal. Wat met jou gebeur word bepaal deur die natuurkragte van sterre en jy moet jou lewe daarvolgens inrig, jou lot word deur die natuur bepaal, die sterre! Dis kulkuns! Want dit is die mag en geweld van die nuwe nasie se magtiges met hulle wapens, tegnologie, wetenskap en hul opruiende massas, wat jou jou lot wil laat aanvaar, wanneer hulle jou laat kyk na hulle sterre, die “natuurkragte” en “natuurwette”. Om jou voor hulle “lot” (die lot van die nuwe magtige nasie) te onderwerp, het hulle vir Christene ’n nuwe afgodsbeeld geskep. Watter afgodsbeeld? Antwoord: die sogenaamde “wetenskaplike grenslose” Jesus. Die nuwe afgod is die “grenslose” Jesus wat jou, jou poorte vir almal laat oopmaak! Hierdie Jesus wat jou grensloos maak, sodat jy alles vir almal kan wees en alles wat jy is en het, jou aanspraak op opgee. Die afgod “Grenslose Jesus” wat jou onder sy vloek sal laat kom as jy nie die lot aanvaar wat die magtiges vir jou bepaal nie. Die “Grenslose Jesus” leer jou om te leef deur jou lot te aanvaar. Maar gelowiges kan nie! Ons kan nie na die sterre en die reën kyk en ons lot volgens hulle “natuur” aanvaar nie. Ons sien die troue liefde van God wat ons met alles in sy skepping versorg - ook met die mees teenstrydige skeppingskragte soos snerpende koues en versengende hitte. Daarom wil ons Hom loof vir alles wat Hy deur sy skepping vir ons doen en wil ons, ons lewens inrig volgens sy voorskrifte - nie volgens die lot deur natuurkragte nie. Kom ons lof Hom vir die reën wat Hy alleen deur sy troue liefde vir ons gee. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.